higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## KRIMINOLOGIE
## NKR VLAK 4

(8021024)

**22 November 2019 (Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter van die volgende is NIE 'n geweldsmisdaad nie:

A Sakkerollery
B Verkragting
C Aanranding
D Poging tot moord

1.2 Watter van die volgende dui NIE vir inbrekers aan dat hulle 'n bepaalde eiendom kan teiken nie:

A Of die eienaar tuis is
B Of daar wins gemaak kan word uit die inbraak
C Hoe maklik is dit om toegang tot die perseel te kry
D Of daar 'n 'Te koop'-bord in die straat is

1.3 Watter van die volgende kan NIE maklik deur middel van onwettige handel op die swartmark verkoop word nie:

A Dwelms
B Mense vir sekshandel
C Gesteelde televisiestelle
D Pedofiliese materiaal

1.4 Watter van die volgende is NIE van toepassing op boeliegedrag nie:

A Stoot en slaan
B Naamnoemery
C Om iemand as 'n boom te teken in die kunsklas
D Afknouery op sosiale media

1.5 Watter van die volgende is NIE 'n voorbeeld van sekondêre viktimisering nie:

A Om die slagoffer te slaan
B Om die slagoffer nie met respek te behandel nie
C Om nie te glo wat die slagoffer sê nie
D Om die slagoffer te blameer vir wat gebeur het

1.6 Watter van die volgende is NIE 'n witboordjiemisdaad nie:

A Belastingontduiking
B Omkopery
C Piramideskemas
D Ware advertensies

1.7 Watter van die volgende word beskou as 'n risikofaktor vir geweldsmisdaad?

A Die individu
B Residensie
C Voorkeure
D Manier van praat

1.8 Watter van die volgende moedig NIE mensehandel aan nie?

A Hoërisiko-werksomstandighede
B Seksopvoeding
C Seksuele uitbuiting
D Dwangarbeid

1.9 Watter van die volgende is NIE 'n kenmerk van die morele herlewingsprogram nie:

A Om by 'n bende aan te sluit
B Etiese gedrag
C Menseregte
D Waardes

1.10 As iemand in 'n gesagsposisie geld van iemand anders aanvaar om iets nie te doen nie, is hulle skuldig aan ...

A verduistering
B bedrog
C omkopery
D vandalisme

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Openlik of duidelik uitgedruk | 'N | agteraf betaal |
| 2.2 | 'n Ander woord vir wettig | B | sielkunde |
| 2.3 | Om iets onwettig te verkoop | C | eksplisiet |
| 2.4 | Vrees vir of afkeer van vreemde mense | D | sosiale wetenskappe |
| 2.5 | Mense in die samelewing wat deur misdaad geraak word | E | regmatig ('legitimate') |
| | | F | trauma |
| 2.6 | Langtermyn emosionele gevolge | G | sosiologie |
| 2.7 | Omkoop of beloon | H | handel ('trafficking') |
| 2.8 | Die studie van die menslike gees | I | tersiêre slagoffers |
| 2.9 | Beroepe wat mense en hul gedrag bestudeer | J | modus operandi |
| 2.10 | Spesifieke werkwyse | K | sekondêre slagoffers |
| | | L | xenofobie |

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1 Definieer die term *viktimisering*. (5)

3.2 Noem SES soorte boeliegedrag. (6)

3.3 Noem VIER soorte verkragting. (4)

3.4 Noem die doelwitte van polisiëring soos vasgelê in die Grondwet van Suid-Afrika. (6)

3.5 Waarvoor staan die akroniem NICRO? (3)

3.6 Noem SES regte van misdaadslagoffers wat in die Slagofferhandves genoem word. (6)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4**

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

**DIE MOONOOI-TRAGEDIE**

Joey se familie het in die landdroshof in Brits gehoor dit is haar oorskot wat gevind is. Volgens die polisie is Anisha se lyk nie gevind nie. Kolonel Mojafela Nkosi het Joey Barnard – Joey se tante – egter gebel en haar meegedeel dat die DNS-toetse verkeerd geïnterpreteer is. Hulle moes geskok hoor dit was nie Joey se oorskot nie, maar Anisha s'n.

Die aanvanklike inligting was 'n skok en die familie het net hulle verlies begin verwerk toe hulle opnuut oorweldig is deur pyn wat hulle van nuuts af moes verwerk. Die SAPD het om verskoning gevra vir hulle fout en hul meegevoel betuig, maar hulle het nie besef hoe dit die familie geraak het nie.

Die Van Niekerks se uitgebrande voertuig is naby Magaliesburg gevind en die oorskot op die plaas van 'n paneelklopper wat 'n lokaal op hul plaas gehuur het. Die egpaar is ontvoer en na die paneelklopper se plaas geneem, waar hulle verkrag, gemartel, en vasgebind is. Hulle is toe deur die meesterbrein se vrou met 'n vuurwapen gedwing om 'n koopkontrak vir hul plaas te onderteken.

Die paneelklopper, Koos Strydom, word beskou as die meesterbrein agter die tragedie. Die ander beskuldigdes is Aaron Sithole (23), Jack Mokotedi (18), Alex Maudau (36), Moses Rakabu (33), Vincent Strydom (29), Maruchka Opperman (18) en Mercia Whitney van Rooi (21.) Onder die beskuldigdes is Strydom se vrou en seun en die seun se meisie. Hulle word aangekla van moord, sameswering tot moord, ontvoering, verkragting, roof met verswarende omstandighede en inbraak.

Wat alles vererger, is dat Van Rooi teenwoordig was toe die egpaar verkrag is. Sy is ook die een wat die loog gekoop het om op die oorskot te vernietig.

[Saamgestel uit verskeie internetbronne: *kormorant.co.za; citizen.co.za; Iol.co.za*]

4.1 Interpreteer die krimino-etiese wyse waarop die DNA-bewyse aangebied is.

Beskryf die polisie se fout en sê wat hulle anders kon gedoen het. Versterk jou argument met logiese beredenering. (8)

4.2 Definieer die sekondêre misdaadslagoffers en bespreek die krimino-etiese impak van die bevindings in VRAAG 4.1. Gee spesifiek aandag aan die sekondêre viktimisering van diegene na wie in die artikel verwys is. (6)

4.3 Groepeer die aanklagte teen die beskuldigdes volgens soort. (6)

**[20]**

**VRAAG 5**

Maatskaplike oftewel burgerlike geregtigheid word meestal beskou as almal se verantwoordelikheid en nie net wetstoepassingsagentskappe en howe sal nie. Herstellende geregtigheid beskou misdaad as 'n oortreding teen 'n individu en nie teen die staat nie.

5.1 Gee jou eie interpretasie van hierdie vorme van geregtigheid met inagneming van die kort definisies hier bo. (14)

5.2 Interpreteer die gevolge en koste van misdaad vir die individu, die gemeenskap en die staat ten opsigte van een van die twee soorte geregtigheid wat hier bo genoem is. (16)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou